

Goeie Vrydag- Pretoria- 22 April 2011.....

**Skriflesing:** Genesis 22:1-14; Johannes 1:26-30

Teks: **Genesis 22:7d; Johannes 1:29**

**Sing- Ps. 107:1,10; Ps. 71:12,14; Ps. 74:2,16; (Sb.8:1,4)**

Twee gebeure baie jare uitmekaar, daartussen lê honderde jare, maar tog twee gebeure nie vêr van mekaar nie. Broeder en suster, die berg Moria en die berg Golgota sou ons tweeling-heuwels kon noem. Daar in Jerusalem lê hierdie twee heuwels glad nie vêr van mekaar nie. In die Ou Testament het ons die geskiedenis rondom Moria kon lees, daar waar 'n pa eenmaal sy seun sou gaan offer. Die seun, wat eintlik as wonderwerk aan Abraham en Sarai geskenk was. Hulle enigste kind, wat vir sy ouers baie kosbaar sou wees. Hy so kosbaar, nie net omdat dit al kind was wat hulle twee gehad het nie, maar van hierdie kind het eintlik alles afgehang wat aan Abraham belowe was. Die verbondsbeloftes dat die nageslag van Abraham talryk sou word, so baie soos die sterre aan die hemel, daardie belofte wanneer menslike logika geld is ten nouste aan hierdie seun gekoppel gewees. Hy is die enigste in wie daar 'n verdere nageslag van Abraham kon wees wanneer die verbond werklik van Godswêë sou moes uitwerk.

Hoe die verbond moes uitwerk en wat Abraham op daardie een goeie dag moes aanhoor, wat hy moeilik as die begin van 'n goeie Vrydag sou kon bestempel laat ons vanoggend oor hierdie dag van vandag nie los nie. Abraham ontvang 'n opdrag wat mens in jou hele wese skok. Teen alle goeie oordeel in, teen alle ouerliefde in, sê die Here vir Abraham dat hy vir Isak moet gaan offer. Hy moet sy kind so kosbaar gaan doodmaak, hy moet hom gaan slag, hy moet 'n offer word. En wanneer mens Genesis 22 lees dan kry mens selfs die gevoel dit staan hier swart op wit, maar so asof alle emosionele gevoelens ontbreek. Ons kan maar weet die emosie sou daar wees, hoe verskriklik sou dit vir die pa wees, terwyl hulle twee so saamloop, om hierdie kind vir wie sy pa so lief was in ons teks te hoor vra- *Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer...* WAAR IS DIE LAM!

Dit sou 'n vraag in die kind se gemoed wees wat mens laat wonder hoe het daardie oggend vir die kind begin, alhoewel ons weet vir die pa was dit verskriklik. Al wat vir Abraham tel, is gehoorsaamheid, gehoorsaamheid aan God, sou rondom die kontoere van Moria die finale bakens wees. Isak sou hierdie staptog dalk selfs opgewonde die oggend met sy pa begin aanpak. Hoe oud Isak toe was kan ons nie presies sê nie, ons aanvaar die ouderdom wat 'n seun nou is in sy vroeë hoërskool-jare. Vir die kind het hierdie oggend anders begin as die ander kere wat hy ook saam met sy pa kon gaan offer. Elke keer was die driehoek tog daar.

Goeie Vrydag- Pretoria- 22 April 2011.....

Hout, vuur en lam. Die lam was elke keer 'n uitgesoekte lam, sy pa werk daarmee so noukeurig, wat gaan nou vandag aan. Het pa dalk vergeet?

Abraham se antwoord op hierdie goeie Vrydag moet soos die weergalming wees wanneer 'n mens na 'n berg se kant toe praat, dan gebeur dit baie keer dat dit klink of die berg met jou terugpraat. Abraham het vir Isak net een antwoord kon gee, wat alle berghange sou vol hang, ook die berg waar ons vanoggend by is- *God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun.*

Met hierdie antwoord is die vraag na *waar is die lam...?* geantwoord. 'n Antwoord waarop Isak nie sou kon terugpraat nie. 'n Antwoord wat eintlik maar net op stilgebly kon word. Tog sou Isak reeds moes besef hier gaan iets gebeur vandag. Hoe God sal voorsien is waarop ons moet wag. En dan kom hulle by wat ons sal kan noem die Golgota van die Ou Testament. Min wetende dat eendag sal Golgota dan ook genoem kan word die Moria van die Nuwe Testament. Die vraag van Isak, die handeling van Abraham is duidelike heenwysing wat nie by Moria afgehandel is nie.

Op Moria, op daardie spesifieke plek begin Abraham die klippe op mekaar te stapel. Hy begin 'n altaar te bou. Daar eenkant staan Isak nog steeds met die vraag maar wanneer sal God dan voorsien, hoe sal God dan voorsien, want nog steeds is hier geen lam nie?! Tot op daardie oomblikke wat Abraham vir Isak sou gryp en hom stewig op die altaar sou vasbind. Dit wat woorde nie kan beskryf nie. Die kind se vraende oë, wat gaan nou aan?! Die mes wat reeds uitgehaal is, hierdie dag in Abraham se lewe wat hy nie as goeie Vrydag sou kon beskryf nie. Isak, wat so wil dit lyk, in die geloof van sy pa nie uitgesluit was nie. Isak wat hom laat bind, Isak wat hom sekerlik baie sou wou teësit, kon teësit in wat sy pa nou wil doen, tog hoor ons niks daarvan nie. Die prys wat pa en kind sou betaal lyk een prys te wees. As die mes in alles reeds reg was om te sny skielik dan sny daar weer die stem vanuit die hemel. *Abraham, Abraham...en dan volg ... moenie jou hand na die seun uitsteek nie en doen hom niks nie; want nou weet ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie...*

Hierdie Golgota van die Ou Testament staan dan wonderbaarlik soos wat Abraham dit op pad daarheen al beskryf het. Dink weer oor wat Abraham aan die begin van alles ook vir Isak gesê het- *God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun....* En as Abraham

Goeie Vrydag- Pretoria- 22 April 2011.....

dan sou omkyk nadat die stem uit die hemel gesny het dan is daar voorsien. Daar staan by hulle 'n ram reeds met sy horings in die dorings verstik. Watter dag om hierdie dag sy seun dan te mag losmaak, om hom vry te mag sien weggaan, want daar is een, daar is die ram wat in die seun se plek op die altaar neergelê sou kon word. En hierdie Golgota van die Ou Testament word aangrypend 'n nuwe naam gegee- hierdie plek op Moria word genoem "*Jehovah Jihreh*". DIE HERE SAL VOORSIEN. As Abraham en Isak daardie dag saam sou terugstap dan sou dit dankbare mense kon wees, die toets van die geloof was 'n geslaagde toets, 'n mens wil sê met onderskeiding geslaag. Daar sou soveel vreugde en dankbaarheid in die gemoed van elkeen kon wees. Al het Abraham nooit nog die gelykenis van die verlore seun sou hoor nie, is hy eintlik in die posisie waar die pa in die gelykenis ook was- *Hierdie seun van my was dood en het weer lewend geword...*(Luk 15:24). Dit besef ons, broeder en suster, wanneer dit nie die Here was wat voorsien het nie, dan sou Abraham dit met sy seun afhandel het. Daartoe was hy bereid en daarvoor getuig God Self wat in alles kon voorsien, maar broeder en suster, terwyl daardie ram met sy horings ingehaak daarna op die altaar sou brand, dan is daar tog soos wat die rook na God sou opgaan asof die rook nie in alles kon antwoord nie. Daardie rook is wel daar maar dit is asof dit 'n vraagteken vorm. 'n Groot vraagteken wat oor alles bly hang- die vraag na waar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld sou wegneem?

\*\*\*

Ons weet en so bely ons dit ook, elke Ou-Testamentiese offer was eintlik net 'n skadubeeld. Daar het oor elke offer in die Ou Testament die erkenning bestaan hierdie is nie 'n afgehandelde offer nie, ons sal maar nog weer moet offer, hierdie is nie die volmaakte offer nie, daar sal van ons kant die volmaakte nie kan wees nie, al sal dit ons beste wees. Elke altaar en daar was oor die honderde jare van die Ou Testament sekerlik baie van hulle, elke dier geslag, elke druppel bloed gestort, elke offer was asof dit 'n vraag was na waar is die lam wat vir ons geslag kan word? Isak se vraag is 'n vraag wat nie opgehou het nie, al was dit tydelik opgelos. Waar is die Lam?

Ons kan op alle maniere rondom Moria wil loop, berg op en weer berg af, waar sou ons die lam vind? Nie daar nie! Wel sy skaduwee, wel sy hunkering, wel sy tekens, wel sy profesie, maar die werklike Lam, Hom sou jy nie daar kry nie! Die profesie van Jesaja het dit lankal uitgespel- Jesaja het die komende Messias aan ons so voorgestel *as 'n lam wat na die slagplek gelei word, as 'n skaap wat stom is voor sy skeerders* (Jes. 53:7). Dat daar 'n lam sal wees en

Goeie Vrydag- Pretoria- 22 April 2011.....

dat Hy sal kom is vas en seker- maar die vraag van Isak sou honderde jare in baie hout, in baie offers, in baie rook bly opgaan, die werklik vraag na WAAR IS DIE LAM?

En dan, wanneer ons op hierdie goeie Vrydag die evangelie van Johannes oopmaak, sommer al in die eerste hoofstuk en ons het dit Johannes hoor sê- DAAR IS DIE LAM! Broeder en suster, kan ons, ons werklik die geladenheid hiervan indink, kan ons dit onself voorstel, luister net weer mooi hierna – *Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom en hy sê: Dáár is die lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.* Daar is Hy, daar is die Lam en nou is dit waarlik 'n geval van hierdie is die laaste Lam, hierdie is die volmaakte Lam, hierdie is die Lam van God, nie van mense nie! Werklik nou is die voluit dit wat Abraham se naam by Moria was- *Jehovah Jihred*- Nie die Here sal voorsien nie, maar die Here het voorsien! Golgota sou die berg wees waar die Here voorsien.

Die drama op Moria het op Golgota ten volle in vervulling gegaan. Soveel wat weer gebeur soos toe Isak die heuwel moes uitstap, soveel wat weer gebeur, maar tog soveel meer. Soos Isak het Jesus die hoogte na Golgota moes klim. Isak wat self sy offerhout na sy offerplek moes dra- maar die hout wat nou gedra word, is nie maar 'n draggie hout nie, maar dit is 'n kruis, 'n skandpaal, 'n vloekhout. Net soos Isak en tog so anders...

Isak is toe nooit geoffer nie. Die stem wat uit die hemel gesny het, het dit gekeer- *...doen Hom niks nie...* Daar waar Jesus daardie Vrydag moes wees het God sy enigste geliefde Seun geoffer. Abraham se seun kon gespaar word omdat God sy eie Seun nie sou spaar nie. Vir Jesus was daar geen uitkoms en ook geen plaasvervanger nie. Vir Isak was daar die ram met sy kop in die dorings vasgehaak. Vir Jesus was daar nie die stem doen Hom niks nie, maar net die stemme wat Hom hoon en spot, wat Hom belaster, Hom uitlag, Hom verkleineer. Jesus kon nie 'n ram sien in sy plek wat in die dorings gehaak het nie, maar het hulle Jesus se kop in die dorings verstrik. 'n Doringkroon is op die kop van Jesus gedruk.

En die ergste dat vir Isak was daar nog die aangrypende troos van 'n pa en seun wat kon saamloop. Dit staan in Gen. 22:8b juis benadruk- *So het hulle twee dan saam geloop.* Abraham wat met Isak kon saamloop, Isak wat met Abraham kon saamloop en dit omdat beide van hulle met God kan saamloop. Daardie Vrydag wie was daar wat met Jesus sou saamloop?! Isak wat net kon sê- *my vader*- - sy pa sou dadelik antwoord- *Hier is ek my seun!* (Gen. 22:7). Wie het met Jesus saam geloop, wie het werklik ná Hom sou luister, toe

Goeie Vrydag- Pretoria- 22 April 2011.....

Hy geslag sou word, vir ons die offer moes bring. Broeder en suster- wie was daar? Niemand maar niemand nie! Vir Hom was niemand en geen antwoord nie- selfs toe Hy dit sou uitroep- *Eloi, eloi lamah sabagtani-* my God, my God waarom het U my verlaat...

Gewoonlik het die Jode teen drie-uur die middag van die Vrydag op hulle Paasfees die lammers geslag. Juis drie-uur daardie middag sterf Jesus. Dieselfde tyd wanneer die lammers in groot getalle op die Paasfees die dood ingaan, dieselfde tyd het Jesus die dood moes ingaan. Die pad wat Hy alleen moes loop, die stryd wat Hy alleen moes stry, die dood wat Hy alleen moes sterf. Daardie Vrydag-middag is dit nie lammers wat stil geslag en geoffer word nie, lammers wat stilweg sterf nie, maar dié Lam van God word as Paaslam geoffer vir die sonde van die wêreld. God het ons van die altaar afgetel en sy eie Seun in ons daarop neergelê.

Hierdie paasfees, hierdie fees wat ons nou weer kon vier, broeder en suster, daar is soveel wat ons moet besef wat vir ons en in ons plek gebeur het. Elke keer wanneer mens dink aan die Lam van God, Johannes wat sê – *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem-* dan moet ons besef Hy het in ons plek gekom. Hy het met ons plekke omgeruil. Die kruis waaraan Hy gekom het, die offer wat Hy moes bring, is wat ons moes bring. Hy is gebind sodat ons vrygespreek kan word. Hy is deurboor sodat ons die boeie van ons hande en voete kan afskud. Hy moes die bitter beker drink om ons ewige dors te les. Die skuld wat ons by God gemaak het, daardie rekening het Hy betaal.

Aan die kruis moet my naam en jou naam op daardie bordjie geskryf gestaan het, maar tog het sy Naam daar gestaan, Hy het daar gehang. In jou en my plek maar ook vir jou en my. Hy wat dit alleen kon doen. Hy wat alleen die prys kon betaal, wat alleen in alles voor God geregverdig kon word en tog neem Hy ons sondaars se plek in, dat ons in die plek van die geregverdigde mag kom. Wanneer sy bloed vir ons vloei, in die strome daarvan is dit God wat aan ons, sy kinders die prys oorhandig. *Die sonde van die wêreld wegneem*, broeder en suster, dit was Johannes die Doper se woorde. Daar is geen duideliker manier waarop ons God in sy liefde na ons kan sien kom nie. Hoe onbeskryflik groot hierdie liefde van God. Johannes 3:16 is in alle opsigte by Moria maar ook by Golgota op elke klip daar geskrywe- *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Groter liefde as dit kon niemand nog aan u bewys nie.

Goeie Vrydag- Pretoria- 22 April 2011.....

Die Golgota van die Nuwe Testament, die Moria van die Ou Testament, twee koppe, twee heuwels, twee berge, wat na mekaar toe sou skuif. Die aarde sou hierdie Vrydag so skud dat grafte oopgegaan het, dat berge sou skuif. Dit wat Isak sou vra waar is die lam, die hele wêreld sou laat weet, selfs die voorhangsel skeur dat ons daaragter mag inkom, van agter die voorhangsel sou dit moes uitkom- *Daar is die Lam wat die sondes van die wêreld wegneem!*

AMEN